



THE MOUNTAIN CLUB OF SOUTH AFRICA
DIE BERGKLUB VAN SUID - AFRIKA

AMAJUBA AFDELING SECTION



P O Box / Bus 1362
Newcastle 2940
mcsaama@mcsa.org.za

Juba Jabber

January to April 2009

News items

Lief en Leed

It seems as if it is going well with everybody as I have not received any news of illness or otherwise. And to everybody out there that might be sick that we do not know of, hope you get better soon.

Comitee and Membership matters.

Your committee for the year 2009 is as follows:

Chairperson: Thea Groenewegen – 0343123703 / 083 378 7655.

Vice-Chairman: Johan de Villiers – 072 712 7022.

Treasurer: Surina Louw - 082 425 2402.

Secretary: Sonja Viljoen – 0343128684 / 082 925 4054.

Membership: Ria Kotze – 0343121665 / 082 682 8646.

Social Convener and Publicity: Annie Reitz - 076 766 4499.

Climbing and Rescue: Paul Behrens – 0343151168 / 083 677 1080.

Juba Jabber & e-mail: Adriaan Dippenaar – 082 337 2970 / adriandip@telkom.co.za

MEMBERSHIP FEES FOR 2009

Membership fees for 2009 are as follows:

Family membership is R200 per year

Single member R130 per year

Family pensioner R120 per year

Single pensioner R60 per year

We wish to thank those members who already paid their 2009 fees. Those members who still need to pay their 2009 fees can do so via cheque, cash or electronic transfer. Our banking details are as follows:

Bank: Nedbank
Account Holder: MCSA Amajuba Section
Account Number: 1337163309
Branch Code: 133724
Reference: Your initials and surname and Subs 2009

Our Club is currently in a financial crisis and is at present unable to pay our membership fees to Cencom due to the non-payment of membership fees by our members. Only 11 out of the 31 members paid their subs during 2008 and so far for 2009 only 9 members paid. We therefore would like to urge you to support us and pay your membership fees as soon as possible to prevent any further embarrassment with Cencom as numerous reminders from them have already been sent to us. Your co-operation in this regard would be greatly appreciated.

Recent outings by Amajuba Section Members.

STRANDLOPER 4 - 7 JAN 2009

Ons kom uit alle windrigtings bymekaar om Strandloper te stap. Marie, Belinda van Zyl, Melanie, Ray van Newcastle. Die Hollandse familie, pa Fetze, ma Herolina, dogter Jacoba en seun Hielke Veenstra, van Vryheid. Zillen uit die Karroo en Ria uit die Kaap. Elise en Maite kom ook daar aan - nou net die Strandloper klaar gestap. Gee my gasstofie terug wat hulle geleen het. Die "shuttle" vertrek na Kaymond toe. Graham met sy double cab en Zillen met sy bakkie. Namiddag kom ons by Ecosentrum Basiskamp aan. Nadat ons gebraai en gestort het kruip ons in.

1ste dag

Volgendeoggend 8uur lig Bryan Church, die roetebestuurder, ons in oor hoe die stap en roete sal. Ons begin eers 9uur te stap.

Strelitziapalms strek dig oor die duine waar ons op 'n kronkel- voetpaadjie vlak langs die see stap. Verby dvuurtoring tot by die gebou wat gebruik is om water na Keimond se eertydse titaniummyn te pomp. By Morgansbaai slaap ons by Dubbelmond hut langs die karavaan park en stort in die karavaanpark. Braai in winderige, reenerige weer. Slaap - Hielke healmal aan die lag met sy nagtelike eskapades.

2de dag

Vertrek na Haga-Haga: Cape-Henderson hut. Heeltemal weggesteek in die bos langs Nyarha strandmeer. Geen stort - was in die meer.

3de dag

Vertrek na Cintsa-Oos en Cintsa-Wesverby na Beacon Valley het. Die nag is dit baie warm en 5mense slaap op die stoep.

4de dag

Begin stap aan die laaste skof. By die eerste rivier moet ons halflyf deur die rivier gaan met plakkies aan om nie geskok te word deur palings nie. Oorkant kry ons 'n lift met 'n bakkie tot by die volgende dorpie. Moeilike pad van daar tot by Ganubie rivier. Rugsakke in die survival bags styf vasgemaak met cable tie swem ons deur die rivier. Baie moeg en nat en vol sang en windverwaai kom ons anderkant aan wat dan ook die klaarmaak van die Strandloper is. Die aand eet ons almal saam in die hotel, slaap oor by Elsabe en Graham. Volgendeoggend vertrek ons.

Wat 'n heerlike ervaring Strandloper ons sal jou baie lank onthou!

AMAJUBA AFDELING VIER HUL 25ste VERJAARDAG

Laasjaar by Johann en Christine de Villiers se verjaarsdagparty, vra hulle my so terloops hoe oud die klub is. Ons reken toe uit dat die klub so om en by 25 jaar oud moet wees. Ek kry toe die klubhuis se sleutel by Herman Behrens en gaan soek deur die ou joernale, en sowaar! Ons is hierdie jaar amptelik 25 jaar oud!

Die komitee het besluit dat ons dit op gepaste bergklub wyse moet vier, en toe word daar aan die werk gespring! Aangesien ek van die begin af by die klub betrokke was, en baie van die ou lede geken het, is daar outomatises besluit dat ek by die reëlings betrokke moet wees. Ek het by Herman Behrens die lederegister gekry wat oor die jare bygehou is. Wiv von Williech se netjiese handskrif het ek dadelik herken. Die komitee kon nie glo dat daar nog mense is wat so netjies kan skryf nie. Viv wat in die begin jare die tesourier van die klub was, is 'n baie interessante en baie presiese mens – net soos sy handskrif getuig.

Van hierdie register af het ek baie name gekry van mense wat oor die jare lede was. Die half onnoontlike taak was om almal in die hande te kry en om hulle te nooi na die funksie toe.

Dit was heerlik om my lyf speurder te hou en 'n klomp mense uit te snuffel. Ek het maar begin om al die verskillende Afdelings se Voorsitters te nooi en gevra om die uitnodiging ook deur te gee aan hul lede. Ek het sowaar die Baron (Paul Pfeifer), Geoff Glass, Andre Dalais, Harry Loots, Jan van der Velden, Barel Campbel, Joan en Wiv von Williech, Linn Drummond en die Drummond seuns, om maar net 'n paar te noem, weer opgespoor.

Ongelukkig kon almal dit nie maak nie weens verskeie redes, maar dit was heerlik om diegene te sien wat ons lank laas gesien het. Harry Loots, die stigter en eerste Voorsitter van die klub, het spesiaal van Engeland af gekom om ons eregas by die funksie te wees! Harry het sy kleindogter Dannielle saamgebring Suid-Afrika toe. Die klub is gebore onder Harry se droom om 'n stap en klim klub te stig.

Die funksie was by die Cannon Restaurant gehou en my suster Magda Joubert, wat in die drank bedryf is, het vir ons 'n wynproe gehou. Ek het vir Magda gesê dat ons klomp by die klub van wyn hou en sy het my baie letterlik opgeneem. Sy het al die wyn vir die aand gratis verskaf. Sy het ons 6 verskillende soorte wyn, 2 whiskies en 'n liqueur laat proe! Soos te verstanne, het ons baie geproe, maar ek dink nie ons kon bybly nie! Magda het ons geleer hoe om die etikette op wynbottels te lees, wat die verskillende kleure soos bv geel, beteken, hoe om te ruik, te proe, hoekom sekere wyne/whiskies duurder is as ander, watter soort hout gebruik word vir die vaatjies, en vele meer. Magda, jy sal weer vir ons 'n wynproe moet kom hou, want jy het ons nou net nuuskierig gemaak!

Christine het die mooiste blommerangskikkings in bergklim stewels gemaak wat as tafelrangskikkings gedien het. Dit was pragtig en baie oorspronklik! Die tafelmatjies was souverneurs wat gemaak is van foto's van mense wat gedurende die 25 jaar lede van die klub was. Ria het vir ons die luidsprekers gereël en Sonja het die taak gehad om al die rugsakkies te maak waarin die klub se spesiale uitgawe sakwapens vir die 25ste herdenking, ingesit het. Die wapens was Christine se breinkind. Johan de Villiers het die verwelkoming en bedankings gedoen en Dough Lyon was ons seremoniemeester vir die aand. Dankie menere, julle het jul almal baie goed van jul taak gekwyt!

Die lede wat nie meer vandag met ons is nie, is aan hulde gebring. Harry het ons vertel hoe die klub gestig is en Frank du Toit het ons laat lê van die lag met al die kaskenades wat hy uitgelap het. Die mense het so lekker gekuier, dat ons maar besluit het om die skyfies wat ons nog wou vertoon, vir 'n ander geleentheid te hou. Ons het almal heerlik gekuier, maar toe die kelners teen 00:30 begin om die tafels op te ruim, het ons die boodskap gekry en traag begin oppak. Teen die tyd dat ons alles opgeruim het, was dit al 01:00 en tyd om huis toe te gaan, want die volgende dag het ons 'n baie formele "after party" gereël by Xeni grot.

Ons het tipies Harry se tyd weggekom! Dit beteken ipv om 09:00 te ry, het ons eers 10:30 gery uit Newcastle. Anny, Barbie, Ria en Herman het vroeer gery, want hulle het in Ladysmith eers gestop om ontbyt te eet. Barbie het van daar af alleen terug gery Durban toe, want sy moes Sondag werk. Teen die tyd dat ons by Anny, Herman en Ria aangesluit het, het hulle al klaar 'n draai by die kroeg gemaak. Ons het weer eers in Winterton gestop om die laaste inkopies te doen, soos lip-ice en bier te koop!

Ons het Saterdag om 12:00 op die bloedigste tyd van die dag begin stap, en dit was behoorlik warm! Harry en Dannielle wat pas 3 dae in Suid-Afrika was, uit die Europese winter, was nog nie goed geakklimatiseer nie, en Dannielle het 'n bietjie swaar gekry tot ons van die warm teerpad af was. Dit is ongelooflik hoe die teerpad die hitte weerkaats. Ons het almal swaar gekry in die hitte. Toe Dannielle eers haar skoene en 'n laag klere uitgetrek het, kon ons nie by haar bybly nie! Sy aard verseker na haar oupa. Harry het mos altyd so kaalvoet, met 'n 30kg plus rugsak, en 'n kind nog bo-op die rugsak in die berge rondgeloop!

Harry het self met 'n woestelike rugsak wat ons nie kon optel nie, geloop met net 'n paar sandale aan sy voete – darem nie meer kaalvoet nie. Onder andere het hy vir ons 2 liter wyn en 2 van Danielle se geliefkooste teddie beertjies die berg opgedra! Ons het by elke stroompie eers gestop om te af te koel en te swem, en ons waterbottels eers weer vol te maak. Net na ons by die laaste stroompie gestop het, net voor die boulder hopping in die rivierbedding begin, het ons groep opgebreek. Herman, Anny en Ria het voor geloop. Zelda, Tom, Milde, Marion en haar dogter het in die middel geloop en ek, Richard, Harry en Dannielle het die agterhoede gedek. Net voor die boulder hopping begin het, het ons Ria gekry en sy sê sy is bly sy sien ons, want Anny en Herman is vooruit en sy sien hulle nie meer nie. Sy sê toe ook dat sy nie vir Zelda-hulle sien nie. Ons het by 'n vurk in die pad gekom wat sê Xeni grot - reguit en Marble Baths - draai reg. Later sou ons agter kom dat dit hier is waar ons die een helfte van ons groep verloor het. Zelda-hulle het nie die bord gesien nie en by Marble baths geeindig. Dit was al 17:00 toe hulle dit agterkom en het besluit om die aand daar te spaneer, want hulle weet dit is moeilik om Xenigrot te vind, veral in die donker. Ons op die agterhoewe, het ook teen 17:00 by die onderkant van die grot aangekom en geroep en gewag met die hoop dat Zelda-hulle sal kom, maar te vergeefs. Teen 19:00 het ons maar die styl paadjie op na die grot toe aangedurf voordat dit heeltemal donker was. Dit is 'n goeie 20 minute se stap op teen die helling om by die grot uit te kom. Herman en Anny het orals vir ons stukkies wit toilet papier onder die rots bakens gesit sodat ons die pad maklik kan vind – vandaar hul nuwe naam Hansie en Grietjie! Ons was baie teleurgesteld en bekommern oor die groepie wat ons verloor het, maar het terselfdertyd besef waar hulle verkeerd moes geloop het, en geweet hulle ken die berg en sal na Marble Baths grot toe gaan. Ons vind toe agterna uit dat dit toe wel is wat hulle gedoen het, behalwe dat hulle nie in die grot gaan slaap het nie. Hulle het tussen die bome geskuil en 'n bietjie nat gereën, want daar was so 22:00 'n donderstorm. Toe ons by Xenigrot kom, was daar nie baie water nie. Richard en Harry het met hul koplampe die styl paadjie in die donker aangedurf terug na die rivierbedding toe om ons almal se waterbottels weer te gaan volmaak. Die water wat ons opgedra het, het ons in die potjies uitgegooi vir koffie en sodat ons die houers weer kan gaan volmaak. Hulle het teen 20:00 weer by die grot aangekom. Diegene wat by Xenigrot uitgekom het, het toe maar hul formele aanddrag aangetrek wat bestaan het uit strikdasse, gefrilde hemde, blink klere en hoe hak skoene. Daar is toe whiskey en wyn gedrink en vrolik gewees. Ons kon mos nie dat Harry weer die 2 liter wyn afdra die volgende dag nie! Anny, Ria en Harry het 'n heerlike aandete van bacon en pasta gekook. Ons voorgereg het bestaan uit verskeie dipsouse, soutbeskuitjies en mossels. Nagereg het bestaan uit sjokolade. Harry het ons ook vertel hoe mooi dit in Italië in die Dolomiete is en na 2 liter wyn was ons vuur en vlam om dit volgende jaar saam met hom te gaan stap. Ons het heerlik gekuier en gelag tot na 23:00, maar toe het die lang dag en min slaap van die vorige aand sy tol begin eis. Danielle wou nie sonder haar oupa gaan slaap nie en ons het almal besluit dat dit tyd is om te gaan inkruip. Ek het al vergeet dat Xenigrot so 'n groot grot is. Amptelik volgens die parkeraad, mag daar net 12 mense in Xenigrot slaap, maar die grot is groot genoeg vir omstreng 30 mense om gemaklik in te slaap. Sondagoggend het ons eers opgepak en besluit om by die rivier te gaan ontbyt eet. Dit was al van baie vroeg af weer baie warm. Nadat ons so 'n halfuur gestap het, het ons tot ons groot vreugde vir Zelda-hulle ontmoet. Hulle het hul rugsakke neergesit en met die gorge opgeloop om te sien of hulle ons nie kan vind nie. Ons het weer van poel tot poel geloop en eers geswem. Toe ons 'n stukkie biltong in die water laat val, sien jy net krappe uitkom wat baklei oor die stukkie biltong. Ons het seker vir 'n halfuur onsself vermaak om na al die krappe te kyk. Dit is ongelooflik as 'n mens stilsit en regtig begin kyk, hoeveel krappe daar werklik is. Met die eerste oogopslag sien 'n mens hulle nie, maar as 'n mens mooi kyk, krioel dit van die krappe! Herman, Anny en Zelda-hulle het vooruit gestap en vir ons by die Hotel se ingang gewag. Ons het eers gaan plak op die hotel se stoep en 'n heerlike koue bier gedrink voordat ons dit eens oorweeg het om verder te stap tot by die voertuie. Dit het ons weereens getref hoe die teerpad die hitte uitstraal. Dit was beide dae in die 30 grade celcius en ons het behoorlik warm gekry. Ek het alleen seker 5 liter water opgedrink deur die loop van die dag. Toe ons by die voertuie kom, het ons vir Hansie en Grietjie gekry. Ons het toe na die ou kampeerterrein gery waar ons die brood, salami, kaas en tamatie gaan eet het wat ons die berg op- en afgedra het! Nadat ons heerlik geëet het en in die koelte van die bome ontspan het, was dit tyd om afskeid te neem en terug te gaan huis toe. 'n Wonderlikke naweek het tot 'n einde gekom. Die vlieë en muskiete wat ons toegetakel het, het die afskeid ietwat makliker gemaak. Sondag aand het ons lekker moeg, maar verkwik van siel, huis gekom. Ons het eers vir Danielle op eg Suid-Afrikaanse manier braaivleis laat eet voordat ons bed toe is. Harry en Dannielle het Maandagoggend na Durban vertrek en ons is terug werk en skool toe. Dit was 'n baie lekker funksie en naweek wat ek nie gou sal vergeet nie.

Thea

MESSAGES FOR FUNCTION

1 SCOTT SINCLAIR – Chairman KZN Section

Dear Thea

Unfortunately I am not able to attend on the 31st. I trust you will have a great evening.
Best regards

Scott

2 DAVE JONES – Chairman South Cape Section

Congratulations Amajuba! Some of our other Sections may not be impressed by a 25th anniversary, but here in the South Cape with only 2 years under the belt, we are very much impressed.

All best wishes on your 25th Anniversary and we now look forward to congratulating you on your 50th.

With your example we feel encouraged enough to hope that we will still be around when that happens.

Keep up your good work.

Dave

3 USCHI MAGG – JHB Section

The Johannesburg Section congratulates you on the occasion of your 25th Anniversary, and sends best wishes for many more years.

Kind regards

Chairman, Committee and Members

4 ELNA ENGELBRECHT –

Baie dankie vir die uitnodiging na die 25ste bestaansjaar van die Amajuba Seksie. Ontvang ons hartlike geluk met so 'n mypaal! Ons beste wense vir 'n groot viering en net plesier vir almal. Ongelukkig sal niemand van ons Seksie na julle funksie kan kom nie. Ons voel geëerd dat julle aan ons gedink het.

Sterkte met 'n wonderlike viering!

Elna Engelbrecht

5 OTTI NESER –

Dear Thea

Congratulations on your anniversary! We would have loved to join you for the occasion, but unfortunately my husband and I will still be in Ethiopia (our MAG Section's 40th anniversary 'expedition' to the Simien Mountains and other places!) at that time.

Thanks for the invitation, and we hope that you have a lovely evening!

All the best

Otti Nester

6 PETRO GROBLER –

Hi Thea

Sommer baie geluk aan julle Afdeling! Die tyd vlieg: ek het nooit gedink Amajuba is al 25 nie. Ek sal 'n beriggie daarvan in die MCSA e-News plaas.

Groete

Petro

7 BARON – PAUL PHEIFFER

Haai Thea

Dit was lekker om weer iets daar van die Bergklub-mense se kant af te hoor. Ek stuur vir jou 'n troufoto van Henriëtte en Sonja. Hulle het hierdie jaar getrou – 'n dubbele troue! Ek stap nie meer so baie nie maar ry redelik baie fiets, BERG-fiets natuurlik!

Groete vir Richard en almal by die Klub

Paul

STEP-BY-STEP SNAKEBITE FIRST AID

Wrap a crepe or pressure bandage firmly around the area of the bite, covering the entire limb. Apply hand pressure at the site of the bite until a bandage can be obtained. If none is available, strips of fabric can be used. NB: The bandage should slow down the blood flow - NOT stop it altogether. If splints are easily available, bind them to either side of the limb to immobilise it. (Tent poles or straight branches will do.) Raise the limb to slow the blood flow. Keep Calm - give the patient support and reassurance. **Do Not** allow the patient to move unnecessarily. Observe the patient - record the symptoms and the time taken to appear, also the circumstances of the bite. Act quickly and calmly with careful planning.

Applying a Pressure Bandage

Slow the blood flow. **DO NOT** Stop It!

Bandage from fingertips to armpit.

Start bandaging anywhere. Just Start!

Bandage from toes to groin or hand to armpit depending on the location of the bite.

DO NOT use anti-venom except in a hospital environment.

DO NOT cut and suck the wound.

DO NOT apply a tourniquet, i.e. binding that stops the blood flow. This can cause cell damage and possible loss of limb.

DO NOT move the patient unnecessarily.

DO NOT waste time.

DO NOT try to catch or kill the snake. Identification is not crucial for treatment.

DO NOT panic. Death from snakebites is very rare.

DO NOT give the patient any food or drink. This may impede breathing.

DO NOT rub potassium permanganate into the wound or soak the limb in home remedies.

DO NOT assume the worst. More people die from bee stings than snakebites.

Antivenom / Serum

There are two types of serum for snakebite:

POLYVALENT - a broad-spectrum serum used in most cases of snakebite.

MONOVALENT - specifically formulated for Boom slang bites only.

These are available from the SAIMR (South African Institute for Medical Research)

TEL: (011) 882 9940 - all hours.

Serum should be administered ONLY in a hospital environment.

For antivenom to have any real effect, it should be administered intravenously within 12 hours - depending on variables. Hyper-allergic people could experience difficulty in breathing.

Antivenom is a horse- borne serum and reaction to the serum can be worse than the venom of the snake.

Sea Snakes have a combination of myotoxic (muscle-attacking) and neurotoxic venom. Bites are very rare and serum is not usually available in South Africa.

Antivenom dosage is the same for children and adults. You cannot overdose on antivenom.

FOR DOCTORS: If administering serum for Neurotoxic bites, have adrenalin and antihistamine ready drawn up. (Cortisone only becomes effective after a few hours and is therefore not an emergency measure.)

Variables (Factors influencing the severity of the bite)

- Amount of venom injected.
- Site of bite - head, neck, trunk.
- Tissue type - muscle, vein, artery.
- Depth injected - deep or shallow.
- Reaction of patient - calm or shock/panic.
- Physical health of patient.
- Age of patient.
- Physical size of patient.

- Sensitivity of patient - hyper-allergic.
- Time taken to receive treatment.
- Type of medical treatment given.
- Type of medical treatment received.
- Disposition of the snake and circumstances surrounding the bite.

Facts to Remember

Neurotoxic venom is fast acting. Haemotoxic venom is slow acting.

When in doubt, whether the snake is non-venomous or not, follow **STEP BY STEP FIRST AID**. Symptoms should develop within the first hour.

Puff adders are believed to be responsible for 70% of all bites, and are one of the fastest striking snakes! They can strike forwards and sideways.

Spitting Cobra venom is harmful only if injected or sprayed into an open wound or cut. If sprayed into the **EYES** it will sting like soap. **Wash eyes with water (or any bland liquid not harmful to the eyes, even urine)**. Cover eyes with a cloth or dark glasses as they will be very light sensitive. You will not go blind.

NB: Spitting Cobras are fixed front fanged (see Fang Grouping) and can spit almost constantly from any position.

Boomslang or Tree Snakes vary considerably in colour from young to adult, and male to female, varying from brown or grey to green.

Vine Snakes are very well camouflaged and bites from this snake are rare. No anti venom is available nor is it needed. Bites are treated symptomatically.

Berg Adders are predominantly Neurotoxic. Symptoms include optical paralysis.

Note: A snake's tongue is not harmful; it is used for taste and smell.

QUICK, CALM ACTION SAVES TIME, SAVES LIVES!

Fang Group and Species Table

Fang Group & Species	Venom Type, Action & Symptoms	Time
Hinged Front Fanged Adders & Spitting Cobras	<i>Cytotoxic venom</i> attacks cells and tissue especially blood and vessels, causing Extreme Pain, Swelling of the limb and Blistering. An untreated bite may cause death due to loss of blood, dehydration and secondary infection.	24 Hrs to 2 Weeks
Fixed Front Fanged Mambas	<i>Neurotoxic venom</i> affects the ability to breathe. Early symptoms: "pins & needles" Feeling Dizziness, Bad Coordination, Slurred Speech, Excessive Salivation and Drooping Eyelids. Followed by Difficulty in Breathing.	30 Mins. to 6 Hrs
Back Fanged Boomslang & Vine snake	<i>Haemotoxic venom</i> attacks and thins the blood allowing it to seep through the walls of the veins. Early symptoms: Headaches, Nausea, Diarrhoea, Lethargy, Mental Disorientation, Bruising and Bleeding at the bite site and all body openings.	4 Days to 3 Weeks

Note: **Spitting cobras are fixed front fanged**

How to Identify a Snake

If you do see the snake, look for these identifying points:

- Colour and markings.
- Length - ruler or broomstick long.
- Colour of belly.
- Shape of head.
- Long thin or stubby tail.
- Reaction of the snake.
- Geographical area of snake.

Avoid Being Bitten

Be Aware - watch where you step.
 90% of snakebites are due to catching or trying to kill snakes - Leave them Alone!
 Wear boots and long trousers in the bush or veld, especially at night.
 Step on top of, NOT over logs or rocks.
 Do not place your hands or feet into holes in the ground or in trees.
 Do not place your fingers under rocks, logs or any object when picking them up.
 Stay away from dead snakes - many fake death in self-defence.

SNAKES BITE IN SELF DEFENCE!

NB: You **DO NOT** have to catch, kill or even identify the snake for effective treatment.
 The Doctor will establish which of the three groups the snake belongs to, by the symptoms of the patient.
 The patient should be treated symptomatically, i.e. as the symptoms arise.
 If, however, the snake has been killed, take it to the hospital for identification.

On the Lighter Side:



Old “Boere raat” for constipation.

.....

Programme 2009 Program			
Date / Datum	Description / Beskrywing	Activity / Aktiwiteit	Contact / Kontak
30 April to 03 May	Cathedral Peak	Kontoer stap, neem tente saam. (2)	Johan de Villiers 072 712 7022
09 May	Isandwlana	Historical, Day hike (Peter Ludwig) (2)	Ria 0343121665
12 May	Social Waterbok 16	Slides of Moedersrust & Isandwlana	Annie Reitz 076 766 4499
23 May	Lentevlei (Brink se plaas)	Day Hike (2)	Ria 0343121665
5 – 7 June	Stijlkranz	Weekend Hike (2)	Thea 083 378 7655
09 June	Social at Waterbok 16	Slides of Kranskop & Stijlkranz, Soup	Annie Reitz 076 766 4499
16 June	Geelhout	Day Hike (3)	Tjaart v d Walt 083 627 6442
26 June – 12 July	July Camp	Besonderhede sal aangekondig word (2 – 4)	Christine de Villiers 082 707 2957
14 July	Social at Waterbok 16	Quiz and Potjiekos	Sonja 082 925 4054
17 July – 4 Aug	Dolomites (Italy)	Hiking & Climbing (3 – 5)	Thea (Harry Loots) 083 378 7655
11 Aug	Social at Waterbok 16	Ncandu Hike & July camp slides	Annie Reitz 076 766 4499
12 – 13 Sept	Moorfield	Weekend Hike (2)	Johan de Villiers 072 712 7022

* Dates to be finalized. The programme is subject to change.

* Datums moet nog bepaal word. Die program kan verander.

Rating System

1. *Family weekend.* Children, prospective & older members. Easy, short hikes often-good facilities.
2. *Easy hike.* Footpaths present or otherwise flat open terrain.
3. *Average difficulty.* Path over varying terrain, often steep. Sometimes paths, route finding necessary.
4. *Difficult hike without footpath.* Might incl. bundu bashing, serious scrambling, kloofing or exposure.
5. *Technical climb.* Requires climbing gear (sometimes ice climbing gear).

Die program vir die tweede gedeelte van die jaar moet nog vasgemaak word. Enigiemand wat voorstelle vir 'n uitstappie het en/of vir ons die uitstappie kan lei, kan gerus vir Ria Kotze kontak by 0343121665.

Trading Post:

For Sale:

**1 x THETFORD 35 Porta Potti with chemicals in as new condition
= R300.00 (cost ± R1350.00 new)**

Contact: Adriaan Dippenaar at 082 337 2970

.....

Wanted: XXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXX

.....

GENERAL INTEREST.

If there is anyone not receiving the Jubba-Jabber via e-mail and wants to receive it that way then please send me a mail at: adriandip@telkomsa.net and let me know your e-mail address so I can add it to the mailing list.